SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

SPORTSKIET KOMPETISIES 2024: STREEK EN NASIONAAL

PRESISIE



IGRF PRESISIE (25M EN 50M)

IGRF 25M PRESISIE KLEINKALIBER (SI01)

IGRF 25M PRESISIE SENTERSLAG OPE (SI01-D)

IGRF 25M PRESISIE SENTERSLAG STANDAARD (SI02)

IGRF 50M PRESISIE KLEINKALIBER (SI03)

IGRF 50M PRESISIE SENTERSLAG OPE (SI03-C)

IGRF 50M PRESISIE SENTERSLAG STANDAARD (SI04)

1. Inleiding

Die IGRF presisie 25m en 50m oefeninge is internasionaal erkende IGRF-skietoefeninge wat deur lidlande (Suid-Afrika, Australië, Engeland, Ierland, Zimbabwe en Duitsland) by internasionale byeenkomste geskiet word. Skuts kan op streek-, nasionale- en internasionale vlak aan die kompetisie deelneem.

MEDALJES	
STREEK	**NASIONAAL**

2. Streekvlak

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet ‘n skut aan die volgende kriteria voldoen:

Skuts moet aan minstens een streekskietkompetisie, op dieselfde dag, in minstens een van die volgende afdelings deelneem waar twee skietoefeninge per afdeling geskiet word en ’n minimum telling van 240 uit 300 punte (80%) per skietoefening behaal word vir ‘n minimum gesamentlike punte totaal van 480 uit 600 punte (80%):

2.1 25m en 50m in die Randslagafdeling of
2.2 25m en 50m in die Senterslag standaard afdeling of
2.3 25m en 50m in die Senterslag Ope-afdeling

3. Nasionale vlak

3.1 Deelname: ‘n Skut wat op streekvlak aan ’n geregistreerde sportskietoefening van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale Sportskiet kampioenskap genooi om deel te neem in die dissipline waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers wat tydens die nasionale sportskietkampioenskappe weer die kwalifiserende doelwit (kwalifisering soos uiteengesit vir streekkleure hierbo) behaal, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV Streek sportskietkleure: Indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

4. Gewere en kalibers

4.1 Drukluggeweer: (Lug / Co2) (op 25m en 50m) (SI01)

4.2 22 LR Randslagwapens: (Aksie onbeperk) (SI01 en SI03)

Ruger 10-22

Smith & Wesson M&P 15-22

.22 LR Randslag grendelaksie

4.3 Randslagammunisie:

Slegs .22 LR en .22 kort randslag ammunisie tot ‘n maksimum van 1100 voet per sekonde koeëlsnelheid word toegelaat.

4.4 Senterslag Standaard wapens (SI02 en SI04)

Hefboomaksiegewere, met ’n interne buismagasyn gewoonlik in pistool- of rewolwerkalibers soos .38, .357 of .44 Magnum [*Straight-walled pistol calibre cartridges*]

- Bv. .357 Magnum Marlin hefboomaksie

’n Hefboomaksiegeweer, toegerus met oop- of gaatjievisier.

- Bv. .357 Magnum Marlin gaatjievisier

4.5 Senterslag Ope wapens (SI01-D en SI03-C)

Geweer met ’n ander tipe aksie bv. rewolwerkarabyn, of ’n 9mm pistoolkarabyn.

- Bv. 9mm Parabellum Ruger, PCC karabyn of

- “CZ Scorpion EVO 9mm Parabellum

5. Visiere, teleskope, verkykers en s*potting scopes*

5.1 'n Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

5.2 Die volgende oop visiere en teleskope word toegelaat:


Elektroniese optiese visier

Gaatjievisier

Oop visier

Teleskoop vergroting onbeperk

5.3 Skuts mag verkykers of *spotting scopes* gebruik om skootplasing te bepaal en verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening. Geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie.

5.4 Geen afrigting of bystand word toegelaat nie.

6. Toerusting wat nie toegelaat word nie

6.1 Geweerbande

6.2 Skiethandskoene

6.3 Kolfhakke

Kolfhakke wat addisionele ondersteuning bied, word nie toegelaat nie

7. 25M PRESISIE KLEINKALIBER EN SENTERSLAG (SI01, SI01-D en SI02)

7. Skietprosedure:

7.1 Die Baanoffisier of tydhouer neem die tyd met 'n stophorlosie

7.2 Tydperk vir skietoefeninge en rusperiodes: Daar word 5 minute toegelaat vir onbeperkte proefskote, 5 minute elkeen vir die 3 reekse van 10 telskote elkeen en 5 minute rusperiodes. Hierdie tyd kan verkort word mits al die skuts aangedui het dat hulle gereed is om voort te gaan. Hierdie reël het die doel om onnodige verspeling van tyd op die skietpunt, te beperk.

7.3 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

7.4 Afstand: 25m

7.5 Aantal skote: 30 skote in 3 reekse van 10 skote elk in 5 minute

7.6 Baanoffisiere moet tussen proefskote en elke reeks van 10 skote die teikens gaan inspekteer om te verseker dat net die korrekte aantal telskote op die teiken is en dat skuts nie op mekaar se teikens skiet nie

7.7 Skietposisie: Vryhand staan, sonder enige bykomende ondersteuning

7.8 ‘n Tafel vir die skut se geweer/toerusting word sterk aanbeveel

7.9 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

8. Skietoefening en bevele:

8.1 Voorbereiding

- **Bevel 1:** “*Skuts na die skietpunt, gewere bly in sakke of tasse tot verdere bevele”*
- **Bevel 2:** “*Die baan is gesluit (toe)”*
- **Bevel 3:** “*Haal uit, verklaar en wys veilig*”
  - Op die Baanoffisier se bevel, haal die skut die geweer uit met die loop te alle tye na die teiken gerig en wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op die tafel.

    Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir ‘n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): maak die aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is. Hefboomaksie gewere: werk die hefboom, hou die aksie oop en wys dat die kamer leeg is.
  - Die skut neem stelling in agter die tafel by die skietpunt
  - Die baanoffisier beklemtoon dat die geweer se loop te alle tye in ’n veilige rigting (rigting van die teiken) moet wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en dat die snellervinger altyd buite die snellerbeuel moet wees totdat die visiere op die teiken is;
- **Skietoefening**; Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
  - skuts kry 5 minute vir onbeperkte proefskote op die inskietdiagramme links en regs bo op die teiken;
  - Die skietoefening bestaan uit 30 telskote in 3 reekse van 10 skote elkeen, elke reeks in 5 minute uit die vryhand staanposisie met geen bykomende ondersteuning nie
  - 5 minute rusperiode tussen proefskote en reekse skote
  - verkykers of *spotting scopes* mag gebruik word om skootplasing te bepaal en verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening
  - Geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie
- **Bevel 4:** *“Neem skietposisie in”*
- **Bevel 5:** *“Oog- en gehoorbeskerming”*

8.2 Proefskote: “*Skuts het 5 minute tyd vir onbeperkte proefskote:”*

- **Bevel 6:** “*Laai en maak gereed*” (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7*:*** *“Is almal gereed?” ?”* (indien ‘n skut nie gereed is nie, word *“nie gereed”* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *‘is almal gereed”* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)

- **Bevel 9:** "*Almal is gereed – staan by"*

  Gereedposisie: Vryhand staanposisie met die geweer in die skouer en die geweerloop ongeveer 45 grade na die grond gerig, magasyne gelaai, maar die aksie bly oop

- **Bevel 10***: "Vuur!"*
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet 'n onbeperkte aantal proefskote in 5 minute
- **Na 5 minute tydsverloop**
- **Bevel 11**: "*Stop!"*
- **Bevel 12***: "Ontlaai, maak veilig"*

  Die skut ontlaai die geweer, plaas dit voor hom op die tafel en verklaar "*veilig*". Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is. Hefboomaksie gewere: werk die hefboom, hou die aksie oop en wys dat die kamer leeg is.
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.
- **Vyf minuut rusperiode –** verwyderbare magasyne mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in gewere geplaas word.

8.3 <u>Eerste reeks</u> van 10 telskote: *Skuts se eerste reeks van 10 telskote in 5 minute*"

- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*
- **Bevel 6***: "Laai en maak gereed"* (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7*:*** *"Is almal gereed?" ?"* (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *'is almal gereed"* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)
- **Bevel 9***: "Almal is gereed. Staan by"*

  Gereedposisie: Vryhand staanposisie met die geweer in die skouer en die geweerloop ongeveer 45 grade na die grond gerig, magasyn gelaai, maar die aksie bly oop

- **Bevel 10***: "Vuur!"*
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet 10 skote in 5 minute
- **5 minute tydsverloop**
- **Bevel 11***: "Stop!"*
- **Bevel 12***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Herhaling van die prosedure hierbo – bevel 12 van proefskote
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.

- **5 minute rusperiode:** verwyderbare magasyne mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in gewere geplaas word.

8.4 Tweede reeks skote van 10 telskote in 5 minute op diagram B gaan begin

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 8.3

8.5 Derde reeks skote van 10 telskote in 5 minute op diagram C gaan begin

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 8.3 plus
- **Bevel 13***: "Stop"*
- **Bevel 14***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die geweer, plaas dit voor hom op die tafel en verklaar "*veilig*". Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): sluitstuk oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is. Hefboomaksie gewere: werk die hefboom, hou die aksie oop en wys dat die kamer leeg is.
  - Die skut bly in posisie agter die tafel by die skietpunt.
- **Bevel 15:** *"Wys veilig"*
  - Die Baanoffisier bevestig dat die wapen veilig is
- **Bevel 16**: "*pak weg"*
- **Bevel 17: "***Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*

8.6 Tellingberekening: Slegs skote op die A, B en C teldiagramme van die teikens geskiet word getel. Die maksimum telling wat behaal kan word is 'n totaal van 300 punte (3 telkaarte, 10 skote per kaart - 3 x 10 skote x 10 punte = 300 punte totaal)

9. 50M PRESISIE KLEINKALIBER EN SENTERSLAG (SI03, SI03-C en SI04) – Skietprosedure: Die prosedure vir hierdie skietoefening is presies dieselfde soos beskryf in item 7 en 8 hierbo, maar dit vind plaas op 50m. Drukluggewere kan wel hieraan deelneem, maar nie tydens internasionale kampioenskappe nie.

10. Teikens:

10.1 Teiken S03: Streek- en nasionale skietkompetisies - Teikengrootte A3 (29.5cm x 42cm)

25M PRESISIE KLEINKALIBER (Randslag- en drukluggwere) (SI01)



10.2 Teiken S01: Streek- en nasionale skietkompetisies (Swart kol gedruk op karton van presies 59cm x 59cm) **25 EN 50M PRESISIE SENTERSLAG EN 50M KLEINKALIBER (SI01-D, SI02, SI03, SI03-C en SI04) –** by die kleinkaliber kan drukluggewere wel hieraan deelneem, maar nie tydens internasionale kampioenskappe nie.



10.3 Teiken S01C: Streek- en nasionale skietkompetisies. Alternatiewe teiken vir die S01 en bestaan uit drie teldiagramme en twee inskietdiagramme. (Swart kolle gedruk op karton van presies 59cm x 59cm)

25 EN 50M PRESISIE SENTERSLAG EN 50M KLEINKALIBER (SI01-D, SI02, SI03, SI03-C en SI04) – by die kleinkaliber kan drukluggewere wel hieraan deelneem, maar nie tydens internasionale kampioenskappe nie.



10.4 Teiken S01 insert A (A3 grootte)

10.4.1 Op streekvlak – indien die die S01 insetsel op streekvlak gebruik word moet dit saam met die volgrootte S01 teiken as agtergrond gebruik word om die telling van 1 tot 10 ringe in ag te neem vir tellingdoeleindes;

10.4.2 Op nasionale vlak word net die S01 insetsel gebruik en word net die 6 tot 10 ringe in ag geneem vir tellingdoeleindes

Alternatiewe teiken vir die S01 – S01 insert A (insetsel)

11. Tellingadministrasie

'n Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra wat dit by die nasionale kantoor bestel.

12. Lapkentekens

Brons: 180 uit 300 (60%)

Silwer: 210 uit 300 (70%)

Goud: 240 uit 300 (80%)